

HAGGAI

Inleiding

Die boek *Haggai* dra die naam van die profeet wie se profesieë daarin opgeteken is. Die profeet se naam beteken ‘op 'n feesdag gebore’.

Haggai, die tweede kortste boek in die Ou Testament, is in die Christelike en Joodse kanons die tiende boek in die *Boekrol van die Twaalf Profete (Hosea tot Maleagi)*.

Haggai het van 29 Augustus tot 18 Desember 520 vC in Jerusalem as profeet opgetree. Sy woorde is klaarblyklik kort ná elke optrede opgeteken. Uit die feit dat daar na die profeet in die derde persoon verwys word (1:1; 2:14-15,20) en dat daar geringe stylverskille in die teks voorkom, is dit duidelik dat die boek in sy huidige vorm deur 'n ander persoon redaksioneel verwerk is. Die eerste lesers sou waarskynlik persone wees wat met die herbou van die tempel in Jerusalem gemoeid was.

Haggai bestaan uit kort profetiese spreuke en toeligting, afwisselend in prosa en poësie. Vaste uitdrukkings soos “So sê die HERE,” en “is die uitspraak van die HERE,” kom dikwels in die boek voor om gesag te gee aan die profeet se woorde.

Die belangrikste tema in die boek is dat dit vir die inwoners van Juda en Jerusalem dringend noodsaaklik is om die tempel van die HERE te herbou. Wanneer daar op 'n konkrete wyse ruimte vir die HERE geskep word tussen mense, is dit 'n teken van gehoorsaamheid aan Hom.

Haggai kan soos volg ingedeel word:

1:1-15 Oproep tot die heropbou van die tempel

2:1-9 Heerlikheid van 'n nuwe tempel

2:10-19 Teregwysing van die volk

2:20-23 Belofte aan Serubbabel

1

Oproep tot die heropbou van die tempel

¹ *In die tweede regeeringsjaar van koning Darius,^a op die eerste dag van die sesde maand,^b het die woord van die HERE by monde van die profeet Haggai gekom tot Serubbabel,^{*} seun van Sealtiël en streeksgoewerneur van Juda, en tot Josua, die hoëpriester^{*} en seun van Jehosadak: ² “So sê die HERE, Heerser oor alle magte,

‘Hierdie volk sê die tyd is nog nie ryp om die HERE se huis te herbou nie.’ ” ³ Die woord van die HERE het gekom by monde van die profeet Haggai: ⁴ “*Is die tyd dan wel vir julle ryp om in huise met houtpanele te woon, terwyl hierdie huis^c 'n bouval is? ⁵ Daarom,” so sê die HERE,

* **1:1** Esra 5:1

^a**1:1 koning Darius:** Darius I die Grote regeer 521-486 v.C. oor Persië.

^b**1:1 1ste ... maand:** Dit verwys na 'n dag tussen middel Augustus tot middel September 520 vC.

* **1:1 Serubbabel:** 1 Kron 3:19; Esra 3:2; Neh 12:1; Hag 2:20-23; Sag 4:6-10; Sir 49:12; Matt 1:12; Luk 3:27

* **1:1 Josua, die hoëpriester:** Sag 3:1-6; 6:9-15; Sir 49:12

* **1:4** 2 Sam 7:2

^c**1:4 hierdie huis:** Die •tempel van die Here.

Heerser oor alle magte, “Neem ter harte wat julle beleef het:

⁶ *Julle het baie gesaai,
 maar dit het min opgelewer; *
julle eet,
 maar word nie versadig nie; *
julle drink,
 maar julle dors word nie geles nie;
julle trek aan,
 maar word nie warm nie.
Wie homself uithuur,
 doen dit vir 'n beursie vol gate.”

⁷ So sê die HERE, Heerser oor alle magte: “Neem ter harte wat julle beleef het:

⁸ Gaan teen die berge uit,
bring hout en herbou my huis;
dit sal vir My vreugde verskaf
en Ek sal daardeur
 verheerlik word.”
Dit is wat die HERE sê.

⁹ “Julle verwag baie,
maar kyk, julle kry bloedweinig.
As julle iets huis toe bring,
blaas Ek dit weg.

* **1:6** Miga 6:13-15

* **1:6** Julle het ... opgelewer: Deut 28:38; Jes 5:10

* **1:6** julle eet ... versadig nie: Hos 4:10

“En waarom? Omdat my huis 'n bouwal is, terwyl elkeen van julle rondhardloop vir sy eie huis.” Dit is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte.

¹⁰*“Daarom het die hemel bo julle die dou teruggehou en die aarde sy opbrengs. ¹¹ Ek het droogte laat uitbreek oor die land en oor die heuwels, oor die graan, die jongwyn en die olie, oor alles wat die grond oplewer; oor mens en dier en alles wat met moeite tot stand gebring is.”

¹²*Serubbabel, seun van Sealtiël, en Josua, die hoëpriester en seun van Jehosadak, en almal wat oor was van die volk, het geluister na die stem van die HERE hulle God en ag geslaan op die woorde van Haggai, die profeet, toe die HERE hulle God hom gestuur het. Die volk was bang vir die HERE, ¹³* maar Haggai, die boodskapper van die HERE, het in opdrag van die HERE vir die volk gesê: “Ek is met julle! Dit is die uitspraak van die HERE.” ¹⁴*Toe het die HERE Serubbabel, seun van Sealtiël en streeksgoewerneur van Juda, en Josua, seun van Jehosadak en hoëpriester, en almal wat oor was van die volk, begeester. Hulle het begin om die werk aan die huis van die HERE, Heerser oor alle magte, hulle God, aan te pak.

¹⁵*Dit het gebeur op die vier-en-twintigste dag van die sesde maand, in die tweede regeringsjaar van koning Darius.

***1:10** Lev 26:19-20

***1:12** Esra 5:2

***1:13** Hag 2:4; Mal 2:7; 3:1; vgl Matt 28:20

***1:14** Vgl Esra 1:5

***1:15** Hag 1:1

2

Heerlikheid van 'n nuwe tempel

¹ Op die een-en-twintigste dag van die sewende maand^d het die woord van die HERE gekom by monde van die profeet Haggai: ² * “Sê vir Serubbabel, * seun van Sealtiel en streeksgoewerneur van Juda, en vir Josua, * seun van Jehosadak en hoëpriester, en vir diegene wat oorgebly het van die volk, ³ * “Wie onder julle het oorgebly wat hierdie huis van die HERE in sy vroeëre heerlikheid gesien het? En wat sien julle nou daarvan? Lyk dit nie na niks teen die vorige een nie? ⁴ * Daarom, hou moed, Serubbabel, ’ is die uitspraak van die HERE. ‘Hou moed Josua, seun van Jehosadak en hoëpriester! Hou moed, volk van die land, is die uitspraak van die HERE. Werk, want Ek is by julle, is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte. ⁵ * Dit is die belofte wat Ek teenoor julle afgelê het toe julle uit Egipte getrek het: My Gees sal altyd in julle midde bly. Moenie bang wees nie.’ ”

⁶ * “Die HERE, Heerser oor alle magte het immers gesê, ‘Nog een keer, binnekort, sal Ek die hemel en die aarde en die see en die droë grond laat bewe. ⁷ * Ek sal al die nasies laat bewe en hulle sal kom met al hulle

^d**2:1 21ste ... maand:** Dit verwys na ‘n dag tussen middel September tot middel Oktober 520 vC.

***2:2-9** Hag 1:1; Sag 4:6-10

***2:2 Serubbabel:** 1 Kron 3:19; Esra 3:2; Neh 12:1; Sag 4:6-10; Sir 49:12; Matt 1:12; Luk 3:27

***2:2 Josua:** Sag 3:1-6; 6:9-15; Sir 49:12

***2:3** Esra 3:12-13

***2:4** Hag 1:13; Sag 8:9

***2:5** Eks 6:6; 29:45-46; Lev 26:12; Sag 4:6

***2:6** Jes 13:13; Eseg 38:19; Matt 24:29; Luk 21:26; Heb 12:26

***2:7-8** Jes 60:5-11; Op 21:26

skatte en Ek sal hierdie huis met heerlikheid vul,' sê die HERE, Heerser oor alle magte. ⁸*'Aan My behoort die silwer en aan My behoort die goud,' is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte. ⁹*'Die heerlikheid van hierdie huis sal groot wees, nog groter as tevore,' sê die HERE, Heerser oor alle magte. 'En op hierdie plek sal Ek vrede gee,' is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte."

Teregwysing van die volk

¹⁰ Op die vier-en-twintigste dag van die negende maand, in die tweede regeringsjaar van Darius, ^{*} het die woord van die HERE gekom tot die profeet Haggai: ¹¹ "So sê die Here, Heerser oor alle magte, 'Vra vir die priesters 'n beslissing hieroor: ^{*} ¹² *As iemand heilige vleis in die vou van sy kleed dra en hy raak met die vou van sy kleed aan brood of gekookte kos, of wyn of olie, of enige kos, word dit dan heilig?' " Die priesters se antwoord was: "Nee." ¹³ *Haggai vra toe: "As iemand wat •onrein is deur aanraking met 'n lyk aan enige van hierdie dinge raak, is dit dan onrein?" Die priesters het geantwoord: "Dit sal onrein wees." ¹⁴ Hierop sê Haggai toe:

"Dit is hoe hierdie volk is,
ja, dit is hoe hierdie nasie
voor My is,
is die uitspraak van die HERE,

*2:8 1 Kron 29:16

*2:9 1 Kon 8:11; Ps 85:9

*2:10 Darius: Esra 4:5,24; 6:1,15; Hag 1:1

*2:11 Vra ... hieroor: Lev 10:10-11

*2:12 Vgl Lev 6:24-29

*2:13 Vgl Lev 22:4-6; Num 19:11-13,22

en ook al die werk
van hulle hande:^{*}
Alles wat hulle daar offer,
is onrein.”

¹⁵ “Daarom dan, neem voortaan ter harte hoe dit met julle gegaan het^e voordat klip op klip in die tempel van die HERE gelê is: ¹⁶ * As iemand na 'n koringmied van twintig mate gegaan het, was daar maar net tien! As hy na die parskuip gegaan het om vyftig mate wyn uit die kuip te skep, was daar maar net twintig. ¹⁷ * Ek het julle getref met skimmel en witroes en hael, ja, al die werk van julle hande, maar julle wou nie na My terugkeer nie, is die uitspraak van die HERE.

¹⁸ “*Neem ter harte hoe dit van vandag af gaan wees, van die vier-en-twintigste dag van die negende maand af, die dag waarop die fondament van die tempel van die Here gelê is; ja, neem dit ter harte. ¹⁹ Is daar nog saad in die stoorkamer? Die wingerd, die vyebome, granate en olyfbome het nie eers gedra nie! Van vandag af sal Ek julle seën.”

Belofte aan Serubbabel

²⁰ Dit is die tweede woord van die HERE tot Haggai op die vier-en-twintigste dag van die maand:

²¹ “Sê vir Serubbabel,*

***2:14 werk ... hande:** Hag 1:11

^e**2:15 hoe dit ... het:** Volgens die •Septuagint by Hag 2:15-16.

***2:16-17** Vgl Hos 4:3

***2:17** Deut 28:22; Am 4:6-13

***2:18** Hag 2:10,20; vgl Sag 8:9

***2:21 Serubbabel:** 1 Kron 3:19; Esra 3:2; Neh 12:1; Hag 1:1; Sag 4:6-10; Sir 49:12; Matt 1:12; Luk 3:27

die streeksgoewerneur van Juda,
'Ek gaan die hemel en die aarde
laat bewe.*

²²*Ek gaan die koninklike trone
omverwerp
en die nasies se magtige
koninkryke verwoes.

Ek gaan die strydwaens
met hulle drywers omkeer;
die perde sal neerval
en die ruiters sal mekaar
met die swaard ombring.

²³*“ ‘Op daardie dag,’ is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte, ‘sal Ek jou, my dienaar, Serubbabel, seun van Sealtiël, neem,’ is die uitspraak van die HERE, ‘en Ek sal jou soos 'n seëlring maak^f omdat Ek jou uitverkies het.’ Dit is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte.”

*2:21 Ek gaan die hemel ... bewe: Hag 2:6

*2:22 Vgl Dan 2:44; Am 4:11

*2:23 Sir 49:11

^f2:23 Ek sal ... maak: Dit verwys na die koningskap oor Jerusalem en Juda; vgl Jer 22:24,30.